

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 7 Augustus 2011**

Oggenddiens 09:30			Jeugdiens 18:00	
	Lied	Bladys	Lied	Bladys
1.	Psalm 91:1	Bl.459	Psalm 146:1, 2, 3	Bl.700
2.	Psalm 92:1, 2, 6	Bl.466	Psalm 20:4 – 7	Bl.91
3.	Psalm 63:2	Bl.306	Skrifberyming 10-2:1	
4.	Psalm 63:3	Bl.308		
5.	Psalm 33:1, 7, 11	Bl.159		

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Die proses om 'n predikant te beroep, is aan die gang. Name van predikante wat na hierdie gemeente beroep kan word, word van die gemeente ingewag. Voorstellingsvorms is Sondae in die portaal en in die konsistorie. Ons vra vriendelik dat alle voorstelle by wyse van hierdie vorm ingedien sal word. Die voorstelle moet by die voorsitter van die beroepingskommissie, oudl. At Kruger, ingehandig word. Die keerdatum vir die indiening van name is Sondagaand 14 Augustus. Predikante wat benoem word, moet langer as twee jaar in hulle huidige gemeente dien, en kan uit enige ouderdomsgroep benoem word. Voorstellers moet asseblief die vorm volledig invul.


**VAKATURES OP DIE KERKRAAD**

Diakens word benodig vir wyke 3,18, 22 & 25 en Ouderlinge vir wyke 3,9 & 22. Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgelê:

- Vir diakens – Brs. Niel Lemmer (1) en Kota Cloete (3). Srs. Marlene Lemmer (1); Ronel de Klerk (12); Marietjie van Aswegen (25); Tina Stols (25); Elmarie Kruger (4); Ansie van Vuuren (10).
- Ouderlinge – Brs. Frans Smit (wyk 19); Hennie van Rooyen (18); Nic Lemmer (1); Chris van Vuuren (10); Chris Brits (10); Jan de Klerk (12).



- ✘ *Sukses is nie teen 'n winskopie te kry nie.*
- ✘ *Om die goeie nuus van die evangelie te hoor is maar net die begin. Die res van jou lewe is hoe ons daarop antwoord.*
- ✘ *Satan pla selde mense wat sinvol besig is.*
- ✘ *Dié wat die grootste hart het, ken die meeste pyn.*

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 14 Augustus 2011

Nommer 21

DIE HERE HAAT GEWELD

Elke minuut van die dag en die nag vind 'n geweldsmisdad in Suid-Afrika plaas. Verkragting, kaping, gewapende roof, moord, kindermishandeling, is so deel van ons gemeenskap dat dit ons amper nie meer skok nie. So ver as moontlik beveilig die mense hulle hier- teen, en intussen gaan elkeen met sy lewe voort. Vanuit die hemel kyk God na Suid-Afrika, ja, na alle lande van die wêreld en Hy sê: “*Wie geweld lief het, haat Hy*” (Ps. 11:5). Daar is 'n rede voor!

- » Geweld word gebruik om die leuen die skyn van waarheid te gee.
- » Geweld keer geregtigheid om in onreg en laat onreg dan lyk na gesonde reg.
- » Geweld gaan gepaard met die begrip onderdrukking, terwyl geweldenaars dit verstaan as die middel wat bring tot vryheid, bevryding en rykdom.

Die eerste geweldenaar was Lameg uit die geslag van Kain (Gen.4:19-24). Later hoor ons van geweldenaar Nimrod (Gen.10:8). Onder andere bring God die sondvloed oor die mensdom vanweë hulle geweld.

Al glo mense nie in God nie, dan neem dit nie die waarheid weg dat God Koning oor alles. Van die ongelowiges sê God: “*Misdad is hulle kos, geweld hulle drank*” (Spr.4:17). Netso sien God ook die geweldenaars en hulle dade in Suid-Afrika. Wat is God se antwoord op die geweld? Die verkondiging van die evangelie. Net mense wat hulle verset teen God kan verlief raak op geweld (Ps.11:5). Daar is dus net een manier om nie op geweld verlief te raak nie, en dit is om jou hart in liefde aan God te bind. Ons wil so graag geweld met geweld vergeld. Dit is egter die Christene se plig om 'n voorbeeld te stel en op enige denkbare wyse die evangelie van versoening aan die geweldenaars te verkondig sodat God se Gees in hulle kan werk.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: **OORSKIET GODSDIENS?**

Lees: Jesaja 44:1-20

Teks: Jesaja 44:6, 17

Hoe dien ons God? Die relevansie van hierdie vraag lê in die tydsgees waarin ons leef. In hierdie tydsgees, die postmodernisme, wil die mens nie voel dat hy ingeforseer word in 'n bepaalde denkskema of geloofskema nie. Selfs mbt diens aan God wil die postmoderne mens nie te veel voorskrifte hê nie. Jesaja 44 is 'n vingerwysing na die mens wat God, en Godsdien, uitskuif na 'n oorskiet plekkie in die lewe. God vra egter 'n hele hart, 'n hele verstand en al ons kragte. Hy het immers alles aan ons gegee, sy Seun. Ons het nie die oorblyfsels van sy genade as verdiende loon ontvang nie, maar ontvang genade op genade, danksy Christus.



Aanddiens Tema: **GELOOFS-INTEGRITEIT TE MIDDE VAN VERSOEKINGS**

Lees: Jakobus 1:1-18 & Efesiërs 6:10-20

Teks: Jakobus 1:17-18 & Efesiërs 6:10-13

Die duiwel is voortdurend besig om met verleidinge en versoekings ons van God af te probeer wegsleep. Hoe weerstaan jy hierdie versoekings? Met geloofsintegriteit, wat sê: Ek het geloofsprioriteite, en ek hou by my prioriteite ongeag die omstandighede. Dus: Ken jou vyand. Moenie hom onderskat en dink dat jy uit eie krag kan oorwin nie. Ken jouself, hoe swak jy is, maar nuutgemaak deur God en dat die Heilige Gees van God in jou is. Leer God ken (soos Hy hom in die Bybel openbaar), dat Hy almagtig is. Leer Christus ken, Hy wat al die satan se versoekings weerstaan het, selfs tot aan die kruishout Leer dat Christus oorwin het en dat ons in Christus meer as oorwinnaars is.



VOORBIDDING GEVRA

Oom Peet van der Walt was diep geraak deur 'n berig wat onlangs oor Radio Kansel uitgesaai is, en het die volgende geskryf waarin ons almal opgeroep word tot voorbidding vir hierdie besondere saak:

“Gods rykste seën u toegebid. Miskien het u op 28 Julie die uitsending deur Radio Kansel gehoor, dit gaan oor 'n hartverskeurende saak. Vierjarige kindertjies word verkoop as slawe en selfs deur eie ouers; die kinders word as slawe misbruik om in matfabrieke werk te doen wat nie deur grootmense gedoen kan word nie. Van die dag-na-dag se krom sit, word beweer dat hulle lewe beperk word tot 35 jaar. Onder die haglikste omstandighede en met karige voedsel.


Aan ander groot- of jongmense word baie aantreklike werksvoorwaardes voorgedhou, en as hulle eers daar is, vind hulle uit dat hulle as slawe gebruik word en daar is geen uitkomkans nie, en salarisse is uiters swak. Die grootmense word gedwing om die koffielande en kakaolande te oes, geheel en al onder dwang. Een dogter het daarin geslaag om te ontvlug en het daarvoor gepraat (God se genade). Deur statistieke is vasgestel dat 27miljoen mense so misbruik word.

Geliefde gemeente, as die saak en opdrag van Jesus ons nie raak nie, of altans sommige van ons as gelowige gehoorsame kinders ons nie dwing om ons verhouding tot God onse getroue en liefdevolle Vader te betrag en Hom te smee vir oop hande en oop harte, meer nog, met oop kele te bid, te smee, te pleit, dat Hy ons genadiglik 'n onkeerbare drang deur die Heilige Gees gehoorsaam maak om Hom bo alles en ook ons medemens, in sonder hulle wat die vryheid en liefde en genade van Hom ontvang, dat ons nie 'n draai om ander sal loop nie, maar daadwerklik sal uitreik.

Bid nie net vir mekaar nie, maar in sonder vir hulle wat bitter swaar kry in Jesus se Naam.

U broeder

Peet van der Walt”



MOTOR TE KOOP GESOEK – KAN IEMAND HELP?

'n Goedkoop motor word benodig vir 'n jong moeder in ons gemeente om mee werk toe te ry. Die werk is baie belangrik vir haar aangesien sy daarmee help om haar gesin te versorg. Sy sal 'n maandelikse bedrag (tot en met R1000) kan afbetaal. Skakel asseblief met oudl. Johan Mocke by 083 292 8337, wat die saak fasiliteer.



JEUGDIENS

'n Herinnering aan die eerste van ons Jeugdienste vanaand om 18:00. Ons het ook Klerksdorp-gemeente se kinders genooi om hierdie dienste te kom bywoon, en na afloop van die Jeugdiens gaan ons geleentheid vir al die jongklomp om gesellig te kan saamkuier in die saal. Daarom vra ons vriendelik vir elke seun om asb. 'n bottel (2l) koeldrank saam te bring, en vir elke meisie om asb. 'n groot pak chips/bordjie eetgoed saam te bring.

**BYBELSTUDIEGROEPE****SODAG 21 AUGUSTUS 2011**

19:00-20:00 in die konsistorie. Die Hebreërbrief.

WOENSDAG 24 AUGUSTUS 2011

10:00-11:00 in die pastorie. Die Lukasevangelie.

**KERSPROGRAM**

Dit is hierdie jaar ons gemeente se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondag 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone:

Hennie Venter – 082 324 2713

Martie Venter – 073 826 3526

Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Ds. Piet Venter van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos na die Gereformeerde Kerk Nelspruit.

**SENDING- EN EVANGELISASIEKONFERENSIE**

'n Paar studente van Cachet gemeente in Potchefstroom is besig om 'n sending- en evangelisasiekonferensie te reël. Die doel van hierdie konferensie is om die Here se naam te verheerlik deur lidmate in die GKSA te versterk, bemoedig en aan te spoor om by sending- en evangelisasie betrokke te raak en toe te rus om self projekte in hulle tuisgemeentes aan te pak. Vanjaar is die eerste jaar wat hierdie konferensie DV sal plaasvind, maar ons wil graag dat dit 'n jaarlikse instelling word!

Alhoewel die belangrikste sending- en evangelisasie-opleiding meestal in die praktyk geskied, speel die teoretiese kennis ook 'n noodsaaklike en komplementerende rol. Die doel van hierdie konferensie is dus nie om praktiese ervaring te verskaf nie, maar om die onderbou daarvoor te verskaf en mense bewus te maak van die geleenthede waar hulle die verworwe kennis in die praktyk kan toepas.

Hierdie jaar skop ons af met 'n naweek (26-28 Augustus) waarin baie bekwame sprekers ons sal toespreek oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat met evangelisasie en sending verband hou. As jy dus nog altyd wou betrokke raak by sending of evangelisasie, maar nog nooit geweet het hoe nie, is hierdie nou jou geleentheid! Die konferensie is egter nie net op nuweling gemik nie. Ons wil ook graag hê dat mense wat reeds met projekte in hulle gemeentes besig is, daarvan sal kom vertel sodat ander by hulle kan leer en ook selfs betrokke raak.

Daar is stalletjies beskikbaar vir enigiemand wat belangstel om 'n projek te kom bekendstel. Die doel hiermee is, om vir die konferensiegangers so veel as moontlik blootstelling te gee aan dit wat die Here reeds deur die GKSA doen. Elke konferensieganger sal ook 'n boekie ontvang waarin al die projekte wat reeds aan die gang is, verskyn. Stuur asseblief vir ons die inligting aangaande jou projek voor einde Julie, sodat ons dit in die boekie kan plaas. Indien jy jou projek by die konferensie wil kom bekendstel by 'n stalletjie, kontak ons ook asseblief so gou as moontlik.

Ons weet dat predikante reeds baie besig is in gemeentes en dus is hierdie konferensie meer op lidmate gerig, aangesien elke lid van die kerk deel het aan die groot opdrag. Dominees is uit die aard van die saak baie welkom, maar ons wil graag hê dat dit nie by hulle moet bly nie.

Die konferensie sal DV by Takwasa-kampterrein naby Potchefstroom plaasvind en die koste van die naweek beloop R250 per persoon. Ons wil egter baie sterk beklemtoon dat finansies geen rede is vir iemand om nie te kom nie. Kontak ons asseblief as jy of iemand waarvan jy weet, 'n borgskap benodig. Ons wil ook graag lidmate aanmoedig om iemand uit sy of haar gemeente te stuur indien hy of sy nie self kan kom nie. Ons beplan ook om 'n tolkstelsel in alle moontlike tale beskikbaar te hê en dus is mense van enige bevolkingsgroep welkom.

Kontakbesonderhede:

Algemeen: Jaco Lemmer by 21077894@nwu.ac.za 0836102421.

Finansieel: Jaco Lemmer by 0836102421.

Boekies en stalletjies: Esmarie by 21077894@nwu.ac.za of 0834465511.



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
14 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
21 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiefonds GKSA
28 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 14 Augustus tot Saterdag 20 Augustus 2011

Sondag 14 Augustus	Oggendiens	09:30-10:30
Sondag 14 Augustus	Katkisasie – Les 18	10:30-11:10
Sondag 14 Augustus	Jeugdiens	18:00-19:00

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 14 Augustus 2011	Wyke 28 & 01
Sondag 21 Augustus 2011	Wyke 02 & 03
Sondag 28 Augustus 2011	Geen teeskink/hagmaal

**Verjaarsdae**

14 Aug	Bettie Pieterse	Wyk 06	083-283-9991
14 Aug	Johannes van Antwerp	Wyk 17	082-467-4907
15 Aug	Rudy Breitenbach	Wyk 06	083-560-8595
15 Aug	Lourens Swanepoel	Wyk 17	018-468-8097
16 Aug	Jan Pretorius	Wyk 06	082-851-4244
18 Aug	Nerene Booysen	Wyk 27	018-462-2290
20 Aug	Lena Buys	Wyk 15	018-468-3671
20 Aug	Pikkie van Dyk	Wyk 24	018-484-5331

Van harte geluk met julle verjaarsdae. Mag dit vir u 'n vreugdevolle dag wees en 'n geseënde nuwe lewensjaar.

**PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK**

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824

**LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING**

- **Br. Peet Bezuidenhout** se heup-operasie was suksesvol en hy is die afgelope week reeds ontslaan en sterk verder tuis aan.
- **Br. Paul Vorster** sterk steeds aan in Wilmed se intensiewe sorg-eenheid, maar dit gaan by die dag beter. Ons betuig ons diepe dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader vir die mooi beterskap. Ons bid dat sy behandeling geseën mag word.
- **Tannie Emma Coetzer** word steeds in Wilmed gehospitaliseer, maar die behandeling het sodanige vrug opgelewer dat sy moontlik môre (Maandag) ontslaan kan word. Ons is baie dankbaar daarvoor en bid steeds vir gesondheid en kragte.

**UITNODIGING****Halfeeu fees van die Gereformeerde Kerk Orkney**

Die Gereformeerde Kerk Orkney is op 3 Desember 1961 gestig. Die gemeente dank en eer die Here vir sy 50 jaar van genade en seën. Die halfeeu fees word gedenk die naweek van 26 en 27 November 2011. Lidmate van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord wat op een of ander wyse betrokke was by die Gereformeerde Kerk Orkney, word hartlik uitgenooi om Saterdag, 26 November 2011 saam met Orkney se lidmate te kom verkeer en Sondag, 27 November 2011, Nagmaal te vier, met die nodige toestemming van hulle kerkrade.

Lidmate wat die feesgeleentheid wil bywoon, skakel asseblief met Freddie Rust n/u by 018-473-3041 of met Anita Snyman by 018-473-3533, sodat die nodige reëlings getref kan word. Orkney sien daarna uit om almal tydens die feesgeleentheid te ontvang.

Met die oog op 'n gedenkboek, word lidmate met interessante herinneringe, foto's of enige ander inligting oor die verlede van Orkneygemeente, vriendelik versoek om dit aan ons te stuur na:

Posbus 493, Orkney 2620

Belangstellendes word ook uitgenooi na 'n Gholfdag, DV Saterdag, 1 Oktober 2011 op Orkney se pragtige gholfbaan. Kom neem deel van vroeg tot laat.

Vir verdere inligting skakel met Mickey Daniel: 082-552-8031.